

Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 6

> *… in alles laat ons ons ken as dienaars van God. Dit doen ons met baie geduld in verdrukking, ontbering en nood. (2 Kor 6:4)*

Vir baie mense vandag is spanning, konflik en lyding deel van

hulle bestaan. En dan is daar mense wat sê dat hierdie sal verdwyn as jy opreg in Christus glo; dat Hy ons kan verlos van ons probleme; dat Hy aan ons voorspoed, gesondheid en ’n lewe van oorvloed wil skenk, soos Jesus in Joh 10:10 belowe het..
Dit klink so wonderlik! Kyk jy egter na die eerste gelowiges, was dit allesbehalwe hulle ervaring, soos Paulus dit in vers 4 en 5 uitspel. Tog, sê hy, het hierdie swaarkry vir hom dinge gebring wat geld nie kan koop nie (vers 6-10). Om die waarheid te sê, al het hy niks, besit hy alles (vers 10). Jakobus skryf dat ons baie bly moet wees as allerhande beproewings oor ons kom, want juis deur die beproewings groei ons geloof (Jak 1:2-4).
Jesus se lewe van oorvloed lyk baie anders as dit waaroor ons droom. Dit vra dat jy jouself verloën, jou kruis opneem en Hom volg (Matt 16:24). In Jesus se wêreld is dit immers die treurendes, die vervolgdes, die beledigdes wat geseënd is (Matt 5:3-12).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026